



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NATIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**2020**

**MODEL KONTROLE TOETS**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**PUNTE: 100**

**TYD: 1 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

---

## INSTRUSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings van kwartaal een

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet alle antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die punttoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
<b>A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND</b>	1	20	10
<b>B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.</b>	2	20	10
	3	20	10
	4	20	10
<b>C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.</b>	5	40	30
	6	40	30
<b>TOTAAL</b>		<b>100</b>	<b>60</b>

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy ens.
8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.
- 1.1.1 Die ... maatskappy verskaf noodsaaklike dienste soos water en elektrisiteit teen bekostigbare pryse.
- A persoonlike-aanspreekliheids
  - B Staatsbeheerde
  - C Publieke
  - D Privaat
- 1.1.2 Wanneer 'n multimedia-aanbieding voorberei word, moet 'n aanbieder ...
- A vir die terugvoeringsessie voorberei.
  - B die hoeveelheid inligting op elke skyfie beperk.
  - C 'n geskikte vergaderplek voorberei.
  - D voor iemand oefen om 'n mening te kry.
- 1.1.3 Dit is verpligtend vir ... om 'n algemene jaarvergadering vir hulle aandeelhouders te hou.
- A Shark Tale Algemene Handelaars (Edms.) Bpk.
  - B Shrek Building Appliances BK
  - C Incredible Toy Store Bpk.
  - D Healthy Living MSW
- 1.1.4 Khual Bpk. is nie net oor hul finansiële posisie begaan nie, maar ook oor hul maatskaplike en omgewingsukses. Hulle doen dus verslag oor hul ... prestasie.
- A winsgewendheids-
  - B Maatskaplike
  - C Porter se Vyf Kragte-
  - D drievoudige sleutelaspekte-
- 1.1.5 Benny bevorder ... deur mense van diverse agtergronde in sy supermark in diens te neem.
- A Aanspreeklikheid
  - B Diskriminasie

- C Inklusiwiteit
- D sosiale regte

(2×5) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

taal; vennote; tabelle; WNNR; aandeelhouers; herwinnings, grafieke; ras; KMB-/KMI-; storting
----------------------------------------------------------------------------------------------

- 1.2.1 Beleggers wat 'n deel van 'n maatskappy besit, word ... genoem.
- 1.2.2 Collin gebruik ... om verkoopsyfers in kolomme vir sy aanbieding te vertoon.
- 1.2.3 'n Besigheid wat 'n tolk vir vergaderings aanstel, gee aandag aan ... as 'n diversiteitskwessie.
- 1.2.4 Die ... projek poog om die lewenstandaard in gemeenskappe te verbeter
- 1.2.5 Besighede beskerm die omgewing deur ... programme

(5×2) (10)

**TOTAAL AFDELING A 20**

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

2.1 Gee TWEE voorbeelde van nie-verbale aanbiedingsmetodes. (2)

2.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KING POWER KOELDRANKE (Edms.) Bpk.**

King Power Koeldranke (Edms.) Bpk. wil hulle huidige maatskappy status na King Power Koeldranke Bpk. omskakel sodat hulle die publiek kan nooit om aandele in die besigheid te koop.

2.2.1 Identifiseer TWEE ondernemingsvorme wat op King Power Koeldranke van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.2.1 te beantwoord.

ONDERNEMINGSVORMS	MOTIVERING

(4)

2.2.2 Verduidelik die voordele van die ondernemingsvorm wat deur King Power Koeldranke Bpk., wat in VRAAG 2.2.1 geïdentifiseer is, verteenwoordig word. (4)

2.3 Bespreek die belangrikheid van maatskappye in staatsbesit (MSB). (6)

2.4 Brei uit oor die betekenis van beperkte- en onbeperkte aanspreeklikheid. (4)

**[20]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

- 3.1 Noem VIER komponente van korporatiewe maatskaplike/sosiale verantwoordelikheid (KMV/KSV). (4)
- 3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**THANDO CASH & CARRY (MCC)**

TCC verskaf gesubsidieerde behuising en akkommodasie aan hulle werknemers. Hulle moedig werknemers aan om fiks en gesond te bly deur hulle by stresverminderingsaktiwiteite te betrek.

- 3.2.1 Haal TWEE maniere aan waarop TCC tot die welstand van hulle werknemers bydra (2)
- 3.2.2 Verduidelik na TCC raad oor DRIE ander maniere waarop hulle tot die welstand van hulle werkers kan bydra. (6)
- 3.3 Bespreek die voordele van korporatiewe maatskaplike/sosiale investering (belegging) (KMI/KSI) vir besighede. (4)
- 3.4 Stel TWEE strategieë voor wat besighede kan gebruik om ELK van die volgende sosio-ekonomiese kwessies te hanteer:
- 3.4.1 HIV/Vigs (2)
- 3.4.2 Werkloosheid (2)
- [20]

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE****BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

- 4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BEAUTY HAARSALON (BHS)**

Beauty Haarsalon spesialiseer in die jongste uniseks-haarstyle. Beauty is die enigste eienaar van die besigheid en is ook vir alle sakerisiko's verantwoordelik.

- 4.1.1 Identifiseer BHS se ondernemingsvorm. (2)
- 4.1.2 Verduidelik hoe wetgewing die sukses en/of mislukking van die ondernemingsvorm wat in VRAAG 4.1.1 geïdentifiseer is, kan beïnvloed. (4)

**BESIGHEIDSROLLE**

- 4.2 Noem VIER menseregte in die werksplek. (4)
- 4.3 Onderskei tussen korporatiewe maatskaplike/sosiale verantwoordelikheid (KMV/KSV en korporatiewe maatskaplike/sosiale investering (belegging) (KMI/KSI). (4)
- 4.4 Gee besighede raad oor hoe hulle die kulturele regte van werknemers in die werkplek kan bevorder (6)  
[20]

**TOTAAL AFDELING B 40****AFDELING C****Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling**

**LET** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die  
**WEL:** antwoord op ELKE vraag moet bo-aan 'n NUWE bladsy begin, bv.  
 VRAAG 7 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 8 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (ONDERNEMINGSVORME EN AANBIEDING)****SIZWE AND PAMELA PROKUREURS (SPP)**

Sizwe and Pamela is 'n vennootskap besigheid. Hulle wil hul besigheid na 'n Maatskappy met Persoonlike Aanspreeklikheid omskakel. SPP het Thuli Konsultante gevra, om 'n aanbieding met behulp van 'n oorhoofse projektor te kom aanbied, maar dit was onsuksesvol as gevolg van sy onvermoë om vrae oor die werk op 'n professionele wyse te beantwoord.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf gedetailleerde aantekeninge oor die volgende aspekte :

- Verduidelik voordele van 'n oorhoofse projektor
- Bespreek hoe die volgende faktore tot die sukses van 'n Persoonlike Aanspreeklikheidsmaatskappy kan bydra:
  - Bestuur
  - Belasting
  - Verdeling van winste
- Evalueer die negatiewe impak van 'n Persoonlike Aanspreeklikheidsmaatskappy.
- Stel voor aan Thuli Konsutante oor hoe hy op sy volgende aanbieding kan verbeter.

**[40]**

**VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)****KAMMA TOERE (KT)**

Kamma Toere neem werkers van verskillende kulturele agtergronde en – rasse. Hulle wil ook verseker dat daar diversiteit en inklusiwiteit in die werkplek is. Werknemers tesame met die ondersteuning van gesondheid en veiligheidsverteenwoordigers het egter 'n verantwoordelikheid om die werksomgewing te beskerm.

As 'n spesialis in ekonomiese regte- en omgewingskwessies, gee aandag aan die volgende aspekte in jou opstel:

- Beskryf kortliks die rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers om die werksomgewing te beskerm.
- Verduidelik die verantwoordelikhede van werkgewers en werknemers in die beskerming van die werksomgewing.
- Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek.
- Stel maniere voor waarop besighede die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek kan beskerm.

	<b>[40]</b>
<b>TOTAAL AFDELING C</b>	<b>40</b>
<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>100</b>